Stellenbosch UNIVERSITY IYUNIVESITHI UNIVERSITEIT

forward together
sonke siya phambili
saam vorentoe

# PROSEDURE VIR DIE HANTERING VAN TOELATING TOT DOKTORALE STUDIE SONDER 'N GOEDGEKEURDE NAVORSINGSVOORSTEL

1. Die departementele voorsitter, voornemende promotor en die student voltooi die vorm vir toelating tot doktorale studie sonder 'n goedgekeurde navorsingsvoorstel en stuur dit aan die Fakulteitsadministrateur (Registraeursafdeling) (fasscomm@sun.ac.za). Die vorm bevestig dat:
   - toestemming verleen word dat die voornemende doktorale kandidaat mag registreer;
   - die departementele voorsitter en voornemende promotor van mening is dat die navorsingsvoorstel teen die keerdatum vir die laaste vergadering van die **Komitee vir Hoër Grade en Navorsing** (KHGN) (September van die betrokke akademiese jaar) gefinaliseer sal wees;
   - die promotor van mening is dat dit binne die kandidaat se vermoë is om die navorsingsvoorstel deur die Toelatingskomitee-stadium te voer en betyds vir die laaste vergadering van die KHGN in die betrokke akademiese jaar in te dien;
   - die doktorale kandidaat kennis geneem het van bogenoemde mening en bewus is van die potensiële akademiese en finansiële implikasies indien die keerdatum nie gehaal word nie.

2. Die voltooide vorm, soos uiteengesit in 1, moet die Fakulteitsadministrateur (fasscomm@sun.ac.za) op die laaste teen 31 Maart bereik.

3. Toelating en inskrywing tot enige doktorale program behels 'n **aanlyn-aansoekproses** wat volle registrasie *voorafgaan*. Die student sal hieropvolgend met 'n studentenommer voorsien word. Alle tersaaklike inligting oor reeds verworwe kwalifikasies en waar hulle verwerf is, moet hierdie aansoek vergesel. Studente moet ook die vereiste aansoekfooi betaal. Internasionale studente moet toesien dat hulle vorige kwalifikasies deur die **Nagraadse Kantoor** geëvalueer word.

4. Aansoeke vir toelating tot doktorale studie sonder 'n goedgekeurde navorsingsvoorstel vir registrasie m.i.v. die tweede semester sal slegs oorweeg word indien voornemende doktorale studente skriftelik bewys kan lewer dat hulle 'n studiebeurs vir 'n doktorale studie ontvang het of studieverlof gekry het om die doktorale studie te voltooi.

5. Die keerdatum, soos uiteengesit in 1, is van toepassing op voornemende doktorale studente wat m.i.v. die akademiese jaar, asook m.i.v. die tweede semester van die akademiese jaar, sonder 'n navorsingsvoorstel geregistreer het.

6. Indien die sperdatums in afdeling 1 (en afdeling 4) nie gehaal word nie, sal die student nie toegelaat word om weer in die daaropvolgende jaar te registreer vir die voortsetting van hul doktorale studie nie.

FAKULTEIT LETTERE EN SOSIALE WETENSKAPPE
GOEDGEKEUR: Fakulteitsraad 17 Februarie 2010
Senaat 12 Maart 2010